


Verstopte flamvanger veroorsaak ontploffing!

April 2016



Onderhoudwerkers het warm werk gedoen op 'n see olieplatform, ongeveer 3.7 m bo verskeie oliestootenks. Daar was 'n ontploffing wat twee olietenks laat skeur het en skade veroorsaak het van omtrent \$500,000 (VS) en storting van ongeveer 4.5 kl olie in die see.

Die insidentondersoek het die volgende gevind:

- Die vlamvanger (“flame arrestor”) op die olietenk was verroes en met aanpaksels verstopt.
- Dit het veroorsaak dat die tenk “asemhaal” deur 'n mangat deksel in plaas van deur die vlamvanger

soos wat bedoel was. Wanneer dit warm was deur die dag het dampe uit die tenk ontsnap deur die mangat deksel. As dit koud was in die nag het die tenk lug ingesui.

- 'n Kennisgewing op die vlamvanger dui aan dit moet “periodiek gediens word vir veilige werking”.
- Die vlamvanger is geïnstalleer aan die einde van 'n fakkel en kon nie maklik bereik word vir inspeksie en onderhoud nie.
- Die olietenks se dampspasie is nie gevul met 'n inerte gas, of beskerm teen vuur, vonke, of ander potensiële ontstekingsbronne gedurende warm werk nie. VSA-regulasies vir see-platforms vereis dit omdat warm werk naby die olietenks uitgevoer is [30 CFR 250.113(a)].

VERWYSING: U.S. Department of the Interior, Bureau of Ocean Energy Management, Safety Alert No. 290, 14 Oktober 2010.

Wat kan jy doen?

- Op land of op water is vlamvangers belangrike veiligheidstoestelle. Maak seker die vlamvangers in jou aanleg word geïnspekteer en onderhou soos aanbeveel deur jou aanlegingenieurs en die vervaardigers.
- Indien die vlamvanger of ander belangrike veiligheidapparaat op 'n plek is waar die vereiste inspeksie en onderhoud moeilik of onmoontlik is, moet jy die problem rapporteer aan bestuur.
- Baie regulasies, industrieriglyne, of maatskappybeleide vereis 'n minimum afstand tussen toerusting wat vlambare of plobbare material bevat en sweiswerk of warm werk, of 'n punt waar vonke, of ander brandende material kan val. Indien dit onprakties is om toerusting te skuif, moet dit beskerm word met vlambestande oortreksels, inert gemaak word of beskerm word met metaal of vuurbestande skerms of gordyne.

Vlamvangers moet gereeld geïnspekteer word!

©AIChE 2016. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.